# WELKOM!








Ons is 'n **familie** vol **liefde**

T: 044 691 2465
E: admin@ngmosselbaai.co.za
www.ngmosselbaai.co.za

## **FAMILIE**NUUS SONDAG 5 Oktober 2025

| 08:00 | 10:00 | 18:00 |
|---|---|---|
| **Prediker:** Ben Joubert<br>**Skrif:** Markus 5:20<br>**Tema:** Jesus gee om vir die enkeling – Jesus gee om vir die skare | | **GEEN AANDDIENS** |

*Die Sinodale deurkollekte gaan vandag vir die bediening aan Jode.* Bid asseblief vir me Jeanie de Wet wat na Jode uitreik met die Evangelie, asook vir die Messiaans-Joodse gemeente Beit Ariel in Kaapstad.

## GEBEDSBROKKIES

Die draer van die saadsak wat loop en huil, sal beslis terugkom met jubelkrete terwyl hy sy gerwe dra. ~ Ps. 126:6

As ons bid moet ons oë gerig wees op die grootheid van God, nie op die omvang van ons probleme nie. ~ OSWALD CHAMBERS

## PREDIKANTE

**Henri Meyer**
083 455 6940
henri@ngmosselbaai.co.za

**Pierrié Kies**
076 110 4202
pierrie@ngmosselbaai.co.za

**Dean Bentley**
084 782 4595
dean@ngmosselbaai.co.za

Almal word genooi vir koffie of tee na kerk by die Gemeentehuis.

**NUWE LIDMATE**

**Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!**

Meld asb aan by die Nuwelidmaatbedieningslede in die kerkgebou se portaal of kerkkantoor vir lidmaatskapvorms

# AKTIWITEITE VIR DIE WEEK

| | | |
|---|---|---|
| **MAANDAG**<br>6 Oktober | | |
| **DINSDAG**<br>7 Oktober | | |
| **WOENSDAG**<br>8 Oktober | | |
| **DONDERDAG**<br>9 Oktober | | |
| **VRYDAG**<br>10 Oktober | | |

## PASTORALE SPREEKKAMER

Die pastorale spreekkamer bied 'n veilige toevlugsoord vir mense met neerslagtigheid, persoonlike krisisse, familieprobleme, verhoudingsprobleme, huweliksprobleme, geloofsprobleme, werkskrisisse, rousmart, ens. Mense wat terapeutiese hulpverlening benodig, kan met vrymoedigheid 'n afspraak maak by Dr. Ben Joubert 082 921 0348.

## KAROO@SEE VLEISFEES 28-29 NOV.

Carnarvon kom see toe !
Plaas jou bestellings vir Karoolam rou verkope uit Carnarvon distrik. Die lammers wat te koop is, is klaar verpak en bewerk.
Daar is 2 opsies:
1) is 'n heel lam van minimum 18kg (R2880).
2) is 'n halwe lam van minimum 9kg (R1440).
Daar is 'n verdere opsie van heelboud of opgesny in tjops. Alle ander snitte is opgesny en verpak. Beperkte voorraad beskikbaar.
Vrydagaand se Karoo Stoepstories ete kaartjies kos R150 per volwassene en R90 per kind onder 12.
Bestellings vir die vleis en etekaartjies word per Googleform gedoen.
Kontak gerus die Kerkkantoor vir die skakel en/of hulp met jou bestelling.

## DOOP

Baie hartlik geluk aan Hein en Eloise Heunis met die doop van hul dogtertjie, Lienke.

## MATRIEKDIENS – 26 OKTOBER 2025

Matrieks van 2025 en hul ouers word genooi na ons spesiale diens vir alle matrieks, Sondag 26 Oktober om 18:00.

## HERVORMINGSFEES/TIENDEMAAND

Sondag, 26 Oktober is dit ons Hervormingsfees en Tiendemaandoffer waar ons, uit dankbaarheid teenoor die Here vir al Sy seëninge, geleentheid kry om ons tiendemaand dankoffers te gee. Koeverte, wat spesiaal vir hierdie doel gedruk is, sal by al die deure geplaas word. Elektroniese oorbetalings is ook welkom – die bankbesonderhede verskyn agter op die Familienuus.

## KOMMUNIKASIE NA DIE GEMEENTE

Om deel te word van die gemeente se Whatsapp-groep, gebruik asb die QR kode of stuur jou naam en nommer vir Corné (083 964 6368) om jou by te voeg.

## LIDMAATREGISTER

Skakel gerus die Kerkkantoor indien u Bewys van lidmaatskap nog nie oorgeplaas is vanaf u vorige gemeente nie óf indien enige inligting verander het.

## NG KERK DANABAAI KAAS EN WYN MET MICHAEL LINDT

24 Oktober 2025 om 19:00

Prys : R200pp.

Kaartjies alleenlik by die NG KERK Danabaai se Kerkkantoor te koop.

U kan ook 'n tafel bespreek indien jul saam in 'n groep wil sit. Bespreek asb. vroegtydig by Ida. Die Tafeluitleg is by die Kerkkantoor beskikbaar. Maandag Woensdag en Donderdag vanaf 9vm tot 1nm 0446981977.

## SKAAPKOPETE – 2025

Vrydagaand, 14 November 2025 is daar weer 'n skaapkopete in die Klipkerk.

Koste is R130 per kop met roosterkoek en konfyt by.

Bring asb. eie eetgerei en drinkgoed.

Bespreek & betaal by kerkkantoor

Gou spring! Daar is slegs 70 koppe.

## OPSKOPPERS AFSLUITINGSFUNKSIE

Die Opskoppers afsluitingsfunksie sal NIE op 21 November 2025 plaasvind soos op die kalender aangedui nie, maar wel op:

**Woensdag 26 November 2025 om 12:00**

**Te Fairy Knowe Hotel, Wildernis.**

**Koste is R120,00 per persoon.**

Die lys vir bespreking, betaling en spyskaart-opsie en is by die kerkkantoor beskikbaar.

## KLIPKERK KERSMARK 11-22 DESEMBER

Ons nooi graag alle entrepreneurs wat deel wil wees van die Klipkerk Kersmark wat vanjaar vanaf 11 tot 22 Desember plaasvind, om vir die organiseerder, Deon Brand te kontak by 076 176 7777 of per epos eaglewingsupplier@gmail.com

## BINGO-AAND - 17 OKTOBER @ 18:00

**Op Vrydagaand 17 Oktober,** bied ons Gemeente se Kruisvroue 'n gesellige Bingo-aand aan, 18:00 in die Klipkerk.

Vir slegs R100 per persoon kry jy Bingokaartjies, 'n vetkoek met maalvleis, koffie of tee en ietsie soets. Bring gerus jou eie drinkgoed. Vir kinders onder 13 kos dit R30 wat verversings en aktiwiteite insluit.

Bring die hele gesin en kom geniet 'n heerlike aand saam met ons. Daar is lekker pryse om te wen! Kaartjies is beskikbaar by die kerkkantoor.

## BENEVOLENT PARK BASAAR

Benevolent Park het basaar op 29 November 2025. Ons benodig asseblief bestanddele vir gebak.

Eiers, koekmeel, olie, margarien, suiker ens.

Enige bydraes sal baie verwelkom word. Besorg dit by die kerkkantoor en Ezanne sal dit kom haal en sorg dat dit aangewend word.

Baie dankie vir almal se ondersteuning met ons ouerpersone wat in nood verkeer. Dit word opreg waardeer.

## SEWEWEEKSPOORT PA EN KIND KAMP 7-9 NOVEMBER

Pa's kry so min tyd om saam met kinders te spandeer. Nie net tyd in die natuur nie, maar ook rondom die Woord. Pa hier is jou geleentheid. Bring jou laerskool kinders, dogters en seuns en woon ons Pa en kind kamp by. Ons gaan na 'n pragtige plaas in die Seweweekspoort. Ons gaan koeie melk en skape aanjaag, in tente slaap, om die kampvuur sit, kettie skiet, saam uit die Woord lees, visvang en nog baie lekker dinge.

Kostes beloop R900 vir 'n Pa met een kind en R350 vir elke addisionele kind.

Jy moet self daar kom en jou kampgoed saambring. Ons sorg vir die kos en al die res.

Kontak vir Dean (084 782 4595) om in te skryf of vir enige navrae.

## GEBEDSLYS

Siekes, verswaktes en mense in ouetehuise; **Willie Woudberg,** kanker (082 737 1883), **Leon Coetzee**, longkanker en **Jeanne Coetzee,** voetoperasie (082 578 1222); **Meisie Botha**, rugoperasie (082 337 0790); **Johan Coetzee,** hartversaking (083 419 4399); **Phillip-Neil Albertyn**, kanker (083 321 6534); **Rhenia Niemand**, kanker (083 324 3875); **Santie Tomas,** herstel na rugoperasie (Frank 0833883657); **Linda Marx**, kanker (083 725 4556); **Percy van Schalkwyk**, hart, (Heather 072 225 9177); **Hans Szewzyk**, kanker (Marie 082 202 2352); **Dewald Lourens**, (082 4194418); **Belinda Boshoff**, M.S. (Louisa 083 750 8607).

*Laat weet asb die kerkkantoor of 'n leraar van jouself of iemand anders wat gebede benodig. Ons wil graag ondersteun met gebed, oproepe of moontlik 'n besoek.*

## GEDENKMUUR

Kontak gerus die Kerkkantoor indien jy 'n nis in die gedenkmuur wil bekom. Die koopprys beloop R5 950 vir lidmate en R6 950 vir nie-lidmate. Aansoekvorms, asook 'n sketsplan van nisse, is by die kerkkantoor beskikbaar.

## KERKNUUS

Vir enige Sinodenuus lees gerus die aanlyn weergawe van **Kerkbode** by: https://kerkbode.christians.co.za/e-koerant/
Die **Vrydagnuus** is die amptelike nuusbrief van die NG Kerk Wes-Kaapland. Om in te teken om weekliks die nuusbrief per epos te ontvang gaan na https://kaapkerk.co.za

## FINANSIËLE BYDRAES

**Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai,
ABSA – 2070580023
(Verwysing: naam/projek)

**Vir sendingbydraes:**
GO NG Kerk Mosselbaai,
ABSA spaar – 9305467263;
Takkode: 632 005

Snap here to pay
SnapScan

## BEDIENINGS

**VOORSITTER:** Cobus Coetzee, 082 453 3305
**ROEPING:** Ben Joubert 082 921 0348
**GEBED:** Alta van Zyl, 083 257 3884
**EREDIENS:** Herman Spies, 082 373 5700
**DIAKONIE:** Koos Crause, 083 229 1178
**FAMILIE:** Henk Brits, 082 855 7136
**OMGEE:** We-Nita Joubert, 082 414 5608
**Tehuise: Frieda Marais, 073 306 0703
**Eenique-enkelgroep: Ananda Wessels, 083 480 9653
**SENIORS:** Jan de Witt 082 695 3672
**Amandelboord: Elna Gous, 081 270 2251
**Opskoppers: Jan de Witt, 082 695 3672
**GETUIENIS:** Herman van Huyssteen, 083 393 3760
**AKSIE SAMARITAAN:** Johan Meyer, 082 772 5490
**FINANSIES:** Chrisjan van der Merwe 082 570 0065
**EIENDOMME:** Willem Knoetze, 082 408 6769
**DVK:** Kobus Weideman 082 807 5154
**NUWE LIDMATE:** Frank Tomas, 083 388 3657
**GASVRYHEID:** Petro Proudfoot, 082 775 3473
**KOMMUNIKASIE:** Dean Bentley
**BASAAR:** Louwrens de Wet, 083 308 4463

## KERKKANTOOR – 044 691 2465

*Kantoorure: Maandag – Vrydag 08:00 tot 14:00 & Sondagoggend na die eredienste.*

**Admin. Beampte (Skriba):**
Corné Human: 083 964 6368
e-pos: admin@ngmosselbaai.co.za
**Finansiële beampte (Kassier):**
Deleen Jansen van Vuuren: 084 586 6422
e-pos: finansies@ngmosselbaai.co.za
**Koster:**
Johann Rossouw: 076 582 0619
**Musiekleier:**
Franco Engelbrecht: 079 926 1818
**Pastorale terapeute:**
Ben Joubert: 082 921 0348
Elize Barnardt: 082 829 8133
Cindy Gribble: 078 987 2127
**Pastorale werker (Ouetehuise):**
Henk Brits: 082 855 7136